



ST BENEDICT'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12: BEGRIPSTOETS 1

NAAM: Naouenglyne

Vraag 1	10	
Vraag 2	10	
Vraag 3	10	
Totaal	30	
Vlak		

Teks 1:

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.



SIT DIT AF! Wanneer is dit tyd vir 'n digitale detoks?

1. Laat die vrees om buite selfoonkontak te wees (FoMo - Fear of missing out) jou uitslaan in koue sweet? Is jy so besig om foto's op Instagram te laai dat jy vergeet van die hier en nou? Of raak jy angstig wanneer 'n restaurant nie WiFi bied nie? As jy "ja" sê op hierdie vrae, het jy 'n digitale detoks nodig.

2. Wat is 'n digitale detoks?

Alle telefone, slimfone, tablette, skootrekenaars en ander skerms word vir 'n sekere tyd afgeskakel. Hierdie skermvrye tyd gee jou die kans om iets te doen wat jy geniet en te rus.

3. So maak jy.

Al wat jy moet doen, is om jou elektroniese toestelle af te skakel. Is dit so maklik? Nie regtig nie. Die vrees dat jy iets gaan misloop, mag jou dalk angstig laat voel. Die volgende wenke kan jou help:

- Laat weet die mense in jou lewe (ouers, vriende) dat jy vir 'n tyd nie aanlyn gaan wees nie.
- Besluit wat jy in jou afdyd gaan doen: lees dalk 'n regte, nie-digitale boek.
- Bel iemand en gesels met hulle. Die persoon sal verras wees om jou stem te hoor, want almal is so gewoond daaraan om net kort teksboodskappe te ontvang.
- Hou "selfoonvrye" partytjies waar almal hul fone (en ander toestelle) by die deur los. Julle gaan baie lekkerder kuier!
- Leef meer bewustelik: konsentreer op gesprekke en kyk mense in die oë.
- Doen iets aktiefs om jou aandag van jou selfoon af te lei. Wees meer buite in die vars lug en gee meer aandag aan jou troeteldiere.

4. 'n Digitale detoks het 'n positiewe invloed op jou lewe.

Kovert, 'n internasionale maatskappy wat fokus op navorsing oor tegnologie en die invloed op die mens, het die volgende positiewe resultate na 'n digitale detoks gevind:

- **Beter postuur:** Almal het meer begin opkyk. Hul kop was in 'n normale posisie en nie meer so vooroor-gebuig nie.
- **Gehalte vriendskappe:** Omdat mense mekaar in die oë begin kyk het, het hulle makliker met mekaar begin gesels. Hulle gesprekke het ook oor belangrike dinge gegaan.
- **Interessante gesprekke:** Omdat niemand gou iets kon Google nie, het mense geredeneer en gedebatteer. Gesprekke het dus ook langer geduur.
- **Beter geheue:** Mense het meer detail van mekaar onthou omdat daar nie selfone was om kommunikasie te onderbreek nie.
- **Rustiger slaap:** Mense voel meer uitgerus. Die rede hiervoor is dat hulle sonder blou selfoonskerms, wat die produksie van

melatonien inhibeer, kon slaap. Melatonien is 'n chemiese stof in die brein wat help met slaap.

- **Nuwe perspektief:** Wanneer mense nie altyd aanlyn is nie, kan hulle meer nadink oor belangrike aspekte van hul lewe. Hulle kan dan beter besluite neem oor hul toekoms, verhoudings en emosionele gesondheid.

5. 'n Digitale detoks kan 'n mens se lewe verander en behoort 'n goeie gewoonte te word.

[466 woorde BRON: Verwerk uit *Rapport*, 6 Maart 2016]

VRAE:

1.1. Hoe weet jy of jy aan FoMo ly? Verduidelik een simptome in jou eie woorde. (1)

-koue sweet - jy vergeet van die hier en nou
- raak angstig as daar nie Wifi is nie

1.2. Haal twee opeenvolgende woorde uit paragraaf 2 aan wat die proses van digitale detoks beskryf. (1)

Skermvrye tyd

1.3. Dink jy dit is maklik om hierdie detoks proses te begin? Motiveer jou antwoord. (1)

Nee, jy gaan vrees dat jy iets misloop
geen Ja/Nee = verkeerd

1.4. Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.

1.4.1 Blou selfoonskerm veroorsaak dat meer melatonien afgeskei word. (1)

Onwaar

1.4.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

produksie van melatonien inhibeer

- 1.4. Waarom dink jy is dit belangrik om ander mense te laat weet dat jy vir 'n tyd lank nie aanlyn gaan wees nie? (1)

--so dat hulle nie oor jou bekommer is nie

- 1.5. Noem twee wenke uit paragraaf 3 wat na selfoonvrye kommunikasie met ander mense verwys. (1)

Jy kan selfoonvrye partytjies hou / jy kan gesag aan gesag met mense praat / bel iemand

- 1.6. Waarom sal die detoksproses vir jou makliker wees as jy met jou hond in die tuin speel? Noem een feit. (1)

dit sal jou aandag van die selfoon aflei

- 1.7. Waarom sal 'n beter postuur ook beter vriendskappe verseker? (1)

Jy sal meer begin opkyk / mense in die oë kyk

- 1.8. Waarom sal 'n digitale detoks 'n mens help om beter besluite te neem? (1)

Jy sal meer oor dinge nadink

[10]

Teks 2: Grafiek

Bestudeer die grafiek en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Hierdie grafiek verwys na misdaadsyfers die afgelope 25 jaar - 1994 – 2019 en het in 'Die Beeld' 13/09/ 2019 verskyn.



- 2.1. Watter soort misdaad het die meeste gedaal? Kan jy aan 'n rede dink waarom dit so is? (2)

bankrooftogte ✓ - mense maak meer gebruik van krediet/debietkaarte - enigiets wat sin maak ✓

- 2.2. Waarom, dink jy, wil diene vragmotors kaap? (1)

vir die goedere

- 2.3. Met watter persentasie het die misdaad waarin mense doodgemaak word gestyg? (1)

6,2 %

- 2.4. Wat het roof met beswarende omstandighede, vragmotorkapings en motorkapings in gemeen as jy na hulle prentjies kyk? (1)

geweld / geweer

- 2.5.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)
Hierdie syfers geld vir die hele Suid-Afrika.

Onwaar

- 2.5.2. Motiveer jou antwoord deur uit die teks aan te haal. (1)

misdaad in Gauteng

- 2.6. Sou jy sê dat jou gesin nou snags rustiger kan slaap as in 1994? Motiveer jou antwoord. (1)

Nee, rooftogte by huise styg
geen nee = verkeerd

- 2.7. Wat steel diene van die boere in ons land? (1)

vee - koeie, bokke ens

- 2.8. Watter een van die statistieke in die grafiek verbaas jou die meeste? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

Eie antwoord + rede.

[10]

Teks 3: Spotprent



- 3.1. Wat beeld hierdie spotprent uit? (1)

slaagsyfer vir wiskunde 20%.

- 3.2. Noem twee sportsoorte waaraan Jannie deelneem. Motiveer jou antwoord. (2)

rugby, tennis, krieket ✓

rugbybal, tenniskolf, krieketkolf ✓

3.3. Watter twee visuele bewyse is daar dat dit somer is?

(2)

Jannie is kaalvoet, T-hemp, kort mou hemp, plakkie

3.4. Hoe weet jy dat Jannie se tannie verbaas is?

(1)

groot oë, sy vra hoe Jannie se ma dit reggekry het

3.5. Watter visuele bewys is daar dat Jannie baie het om te leer?

(1)

baie boeke

3.6. Sou jy sê dat Jannie se kamer 'n tipiese seunskamer is? Motiveer jou antwoord. (1)

Ja, deurmekaar ens

3.7. Van watter tegnologie maak Jannie waarskynlik gebruik om hom met sy skoolwerk te help?

(1)

rekenaar

3.8. Dink jy dis 'n goeie idee om die Wiskunde-slaagsyfer 20% te maak? Motiveer jou antwoord. (1)

Nee, Ja + eie antwoord wat sin maak

- geen ja/nee = verkeerd

[10]

ST BENEDICT'S COLLEGE
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12: OPSOMMING 1


NAAM: _____

10	
Vlak	

Die teks hieronder handel oor 'n kelner wat vyf mense se bestellings in 'n restaurant vir middagete neem.

Sê wat elke persoon wou eet en wat hulle wou drink.

- Som die vyf mense se kos- en drankbestelling puntsgewys in 5 volsinne op.
- Nommer die sinne puntsgewys van 1 tot 5.
- Elke sin tel 2 punte.
- Laat 'n reël tussen elke sin oop.
- Skryf 'n woordtelling aan die einde van die opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Skryf die opsomming in vyf volsinne van **70 woorde** neer.
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- **Begin elke keer met die persoon se naam.**
- Trek 'n streep deur jou beplanning.



LOGAN:	Dit is 'n baie warm dag en ek voel nie lus vir kos nie. Ek wil 'n gemiddelde grootte Griekse slaai hê. Ek hou nie van olywe nie, daarom wil ek geen olywe in my slaai hê nie. Ek wil asseblief 'n glas druiwesap hê om te drink.
KELNER:	Sekerlik, Meneer.
SANDILE:	Ek is 'n vegetariër en eet glad nie vleis of vis nie. Ek sal dus die sampioenpastei neem. Mag ek ekstra skyfies ook kry? Dankie. Ek wil asseblief mineraalwater hê om te drink.
KELNER:	Goed so.
RAHIL:	Elke keer as ek na 'n restaurant toe gaan, bestel ek 'n pizza. Daar is niks lekkerders as pizza nie. Mag ek asseblief 'n Margherita bestel? Ek wil graag 'n koppie koffie met warm melk hê om te drink.
LESEDI:	Ek is so honger ek kan 'n bees opeet. Ek het gisteraand laas geëet. Ek wil dus die 300 g biefstuk met groente en skyfies bestel, asseblief.
KELNER:	Hoe wil u die biefstuk gaargemaak hê?
LESEDI:	Goed gaar, asseblief.
KELNER:	Iets om te drink?
LESEDI:	Bring asseblief vir my 'n glas rooiwyn.
DYLAN:	Ek het gehoor dat hoenderdisse hierdie restaurant se spesialiteit is. Ek verkies witvleis bo rooivleis. Dit voel nie so swaar in jou maag nie. Ek wil die gebraaide hoender met groente en rys hê, asseblief. Ek wil asseblief lemonade met ys hê om te drink.
KELNER:	Baie dankie, almal. Ek wil net elkeen van julle se bestelling teruglees sodat ek seker kan wees julle kry die regte kos ...

[10]

Opsomming

- 1 Logan wil 'n gemiddelde grootte Griekse slaai sonder olywe en 'n glas druivesap hê ✓
- 2 Sandile wil 'n sampioenpastei met ekstra skyfies en 'n mineraalwater hê ✓
- 3 Rahil wil 'n Margherita pizza en 'n koppie koffie met warm melk hê ✓
- 4 Lesedi wil 'n goed gaar biefstuk met groente en skyfies en 'n glas rooivyn hê ✓
- 5 Dylan wil 'n gebraaide hoender met groente en rys en 'n lemonade met ys hê ✓

[68]

- 1 Puntsgewys x
- 1 Woordtelling x
- 1 lengte x
- 1 lig oor lengte x
- 1/2 per sin - direkte aanhaling
- 1/2 per sin - verkeerd begin.

[10]

eduresourceza.com

ST BENEDICT'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12: TAALTOETS 1

NAAM: _____

VRAAG 1: Sinstrukture

Vraag 1	16	
Vraag 2	8	
Vraag 3	6	
Totaal	30	
Vlak		



1.1. Die familie pak die karavaan en bakkie om met vakansie te gaan.

Verlede week het die familie die karavaan en bakkie gepak om met vakansie te gaan. (1)

1.2. Die ma moet die sambreel op die bakkie laai.

Volgende week sal die ma die sambreel op die bakkie moet laai. (1)

- 1.3. Wil die kinders nog help om die bakkie te pak?

Nee, die kinders wil nie meer help om die bakkie te pak nie. (1)

- 1.4. Die kind vra: "Pa, hoekom is jy so haastig?"

Die kind vra vir sy pa hoekom hy so haastig is. (1)

- 1.5. Die pa moet eers die karavaan se deure en vensters toemaak.

Die karavaan se deure en vensters moet eers deur die pa toegemaak word. (1)
(toe gemaak ^{sp.} = ✓)

- 1.6. Die pa is baie haastig om te ry. Die petrolprys gaan binnekort styg.

Aangesien die petrolprys binnekort gaan styg,
is die pa baie haastig om te ry. (1)

- 1.7. Die pa wil so gou as moontlik ry, maar sy vrou en kinders kyk net vir hom.

Al wil die pa so gou as moontlik ry, kyk sy vrou en kinders net vir hom. (1)

- 1.8. Die pa pak al die bagasie in die bakkie. Hulle kan onmiddellik ry.

Nadat die pa al die bagasie in die bakkie gepak het, kon hulle onmiddellik ry. (1)

- 1.9. Die karavaan se bande moet gepomp word. Die bakkie se bande moet gepomp word.

Sowel die karavaan as die bakkie se bande moet gepomp word. (1)

- 1.10. Die ma is alreeds deur die ma in die karavaan gepak.

Die ma het (alreeds) die ma (alreeds) in die karavaan gepak. (1)

1.11. Die kind vra vir sy pa of hy hom kan help om die bagasie in te pak.

Die kind vra: "Pa, kan ek jou help om die bagasie" (1)
in te pak

1.12. Verander die sin in 'n vraag sodat die onderstreepte woorde die antwoord op die vraag is.

Die kind wil graag met die bal op die strand speel.

Waarvoor wil die kind op die strand speel? (1)

? - moet daarwees

1.13. Die kinders moet hulle pa help.

Die kinders hoef nie hulle pa te help nie (1)

1.14. Het hulle die sambreel al ingepak?

Nee, hulle het (nog nie) die sambreel (nog nie)
ingepak nie (1)

1.15. Die kinders sien uit na hulle vakansie. Die kinders het hard by die skool geleer.

Die kinders wat hard by die skool geleer het, sien uit
na hulle vakansie (1)

1.16. Die seun pak die sambreel in die karavaan sodat hy sy pa kan help.


Die seun pak die sambreel in die karavaan om sy pa te help (1)

[16]

VRAAG 2: WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die onderstaande prentjie. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Moenie die woorde in die spasies invul nie. Maak gebruik van die antwoordblad onderaan.



[GENEEM UIT: www.geselsversekering.co.za, 11 Desember 2016]

Dis altyd 'n 2.1 (goed: **gee die korrekte vorm**) idee om jou motor se wielbalansering 9.2 (____: **gee die ontbrekende woord**) laat nagaan om 'n 2.3 (glad: **gee die intensiewe vorm**), veilige rit te verseker.

Behou 'n volgafstand van 2.4 (14: **skryf uit in woorde**) sekondes wanneer die 2.5 (pad: **gee die meervoud**) nat is of wanneer jy 2.6 (in die aand: **gee een woord**) ry; andersins is 14 sekondes genoeg op 'n 2.7 (son: **gee die korrekte vorm**) dag.

Laai die AA Rescue Service-funksie af, wat jou toegang tot bystanddiens sal gee, of jy nou 'n 2.8 (AA lid / AA-lid: **kies die korrekte spelling**) is of nie.

Onthou altyd om gereeld stil te hou om te rus, jou bene te strek en badkamer toe te gaan. Moegheid is een van die 2.9 (hooforsaak: **gee die meervoud**) van 2.10 (ongelukke: **gee die verkleining**) in die feestyd, saam met 2.11 (roekeloos: **gee die korrekte vorm**) en dronkbestuur.

As jy verder as 1 000 **2.12** (kilometer: **gee die afkorting**) gaan ry en nog 'n bestuurder saam **2.13** (van / oor / met: **kies die korrekte voorsetsel**) jou in die motor het, verdeel die afstand tussen julle om te verseker dat julle jul bestemming veilig **2.14** (beryk / bereik: **kies die korrekte spelling**).

As daar kinders in die motor is, neem motorvriendelike **2.15** (games: **gee die korrekte Afrikaans**) saam om hulle besig te hou. Onthou, reissiekte word veroorsaak as jy nie die pad voor jou kan sien nie.


Die **2.16** (belangrik: **gee die oortreffende trap**) van alles: Hou by die spoedbeperkings!

[VERWERK UIT: www.kormorant.co.za, 16 Desember 2016]

- | | | | |
|------|----------------------|-------|----------------------------------|
| 2.1. | <u>goeie</u> | 2.9. | <u>hoofsaak</u> |
| 2.2. | <u>te</u> | 2.10. | <u>ongelukkigies</u> |
| 2.3. | <u>seepglad (de)</u> | 2.11. | <u>roekelose / roekeloosheid</u> |
| 2.4. | <u>veertien</u> | 2.12. | <u>km</u> |
| 2.5. | <u>paar</u> | 2.13. | <u>met</u> |
| 2.6. | <u>saans</u> | 2.14. | <u>bereik</u> |
| 2.7. | <u>sonnige</u> | 2.15. | <u>speletjies</u> |
| 2.8. | <u>AA-lid</u> | 2.16. | <u>belangrikste</u> |

16 x ½ = [8]

VRAAG 3 KOMMUNIKASIE



- Voer die instruksies uit deur elke keer die direkte woorde van die persoon wat praat neer te skryf.
- Elke respons moet tussen 15 – 20 woorde wees. Skryf die woordtelling na elke respons neer.

1. Die bruidegom is baie gelukkig en komplimenteer die bruid oor hoe sy lyk. Wat sê hy vir haar? (2)

Ek is so bly dat jy my vrou is en jy is die mooiste bruid ooit (gelukkig + kompliment.)

2. Die vrou is 'n pessimis en dink nie dat die pasgetroude paartjie baie gelukkig gaan wees nie. Watter rede gee sy vir haar opinie? (2)

Hulle sal nie so gelukkig wees as hulle besef hoe moeilik is nie (negatief + rede)

3. Die vrou is baie opgewonde oor haar seun (die bruidegom) se planne vir die wittebrood (honeymoon). Wat dink sy in verband met die bestemming (destination) en waarom dit so 'n goeie plek vir 'n wittebrood is? (peetnaam + rede) (2)

Durban is so 'n mooi plek. Hulle sal lekker kan ontspan.

[6]

Inhoud: 1 = ✓ ✓

Taal: 1 = ✓ ✓

- 1/2 as WT nie daar is nie

- 1/2 vir verkeerde lengte

1.1 Watter tipe spreker word in die gedig aangetref? (1)

ek, eerste persoonverteller

1.2 Wat is die tema van die gedig? (1)

- die manier waarop 'n tiener konflikt in sy/haar lewe hanteer

1.3 Waarna verwys die "storms" in reël 1? (1)

argumente / baklei

1.4 Watter woord in die gedig sê vir ons dat dit nie die eerste keer is wat die storms in die huis woed nie? (1)

weer

1.5 Hoekom is die woorde in reël 5 - 7 in kursief? Wat is die funksie daarvan? (2)

- direkte woorde van ouers te beklemtoon

- universeel - alle ouers sê hulle aan alle kinders

1.6 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die alfabetletter neer.

"gekwalde oë" is 'n voorbeeld van ...

A Inversie

B Polisindeton

C Sinekdogee

D Assonansie

(1)

C

1.7 Wat simboliseer die tuinhok? (1)

vryheid

1.8 Hoe weet ons dat daar progressie in die gedig plaasvind? Verduidelik deur 2 aparte versreëls aan te haal. (2)

Voetjre vir voetjre skuif ek vorentoe
en voet vir voet skuif ek vorentoe.

[10]

ST BENEDICT'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12: GEDIGTE TOETS 1

NAAM: _____

Vraag 1	10	
Vraag 2	10	
Vraag 3	10	
Totaal	30	
Vlak		

VRAAG 1 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Touloper

Fanie Viljoen

1. die storms woed weer in ons huis vandag
2. maar vol durf klim ek op die tou
3. voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
4. verby die verwyd-winde van
5. *het jy al weer*
6. *ek het mos gesê*
7. *wat het jy gedoen*
8. gekwelde oë kyk vir my van doer onder
9. ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
10. my tou web tussen
11. mure en deurhandvatsels
12. familiefoto's en almanakke
13. blitsende tv-beelde en internetkonneksies
14. tot by die tuinhek
15. ek is hoog bo die grond
16. weg van alles behalwe die wind
17. maar ek dink nie daaraan nie
18. ek hou my oog op die tou
19. ek balanseer my lewe
20. en voet vir voet skuif ek vorentoe
21. deur die storm



[Bron: *Toulopers*, LAPA Uitgewers, 2012]

2.1 Watter **enkele woord** in strofe 1 wys dat die gedig narratief van aard gaan wees? (1)

Toe

2.2 In die gedig verander die ouma, ma en spreker se fisieke omgewing en tegnologie. Voltooi die tabel om die verandering te bespreek. (3)

	Fisieke omgewing	Tegnologie
Ouma	wye vlakke / plaas	telefoon (foun)
Ma	ruim erf	televisie / selfone
Spreker	kamer	rekenaar

2.3 Waarna verwys die woord "boek" in strofe 1 en 3? (2)

Strofe 1: 'n boek met bladsye / leesboek

Strofe 3: Facebook

2.4 Identifiseer die stylfiguur in reël 15: "klankloos klets". Onderstreep die korrekte antwoord. (1)

- A. assonansie
- B. inversie
- C. personifikasie
- D. oksimoron

2.6 Bespreek die tipografie van die gedig aan die einde van strofe 3. (1)

vorm(gedig) - reëls word korter / weerspieël inhoud

2.7 Watter droom het die ma gehad a.g.v. wat sy op die kassie gesien het? (1)

- sy wil oorsee reis

2.8 Wat is die funksie van die uitroepeteken aan die einde van versreël 9? (1)

- dui aan dat oorsee reis iets buitengewoon / besonder was

[10]

VRAAG 2 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die wêreld het so klein geword Alta Marincowitz

1. Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
2. deel granate in die boord,
3. lees boeke in hulle soeke na kennis
4. en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.
5. As kind bly my ma op 'n ruim erf
6. met 'n grasperk en twee bome,
7. sit sy vasgenaël voor die kassie –
8. vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
9. Sy ken mense wat al oorsee was!
10. Haar niggies in die stad gaan naweke flik
11. en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.
12. Ek klink met 'n muis die wêreld tot in my huis,
13. die web is my werf en Gumtree my boom.
14. Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
15. gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
16. Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
17. en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
18. Die moontlikhede is duielingwek-
19. kend GROOT en die wêreld het so
20. klein geword dit pas in die
21. twaalf vierkante
22. meter van my
23. kamer
24. in.




[Bron: Toulopers, LAPA Uitgewers, 2012]

VRAAG 3 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Kontak – Theo de Jager

- 1 Ek kon jou met 'n selfoon bel
- 2 om te sê dat ek jou baie mis,
- 3 maar die kaart was gekrap, die batterye pap
- 4 en die boodskap het in die niet verdamp.
- 5 Ek het vir jou 'n brief geskryf
- 6 en my hart se hoeke daarin uitgewas
- 7 maar my pen was krom, my vingers te dom
- 8 om die woorde in die koevert te pas.
- 9 Toe het ek maar 'n duif gestuur
- 10 sonder skrif of klank, en nou wag ek,
- 11 hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
- 12 met 'n takkie blare in sy bek.



- 3.1 Noem die drie maniere hoe die spreker probeer om kontak te maak. (3)

- bel op 'n selfoon
- brief geskryf
- duif gestuur

- 3.2 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.
'n Stof wat uit vier reëls bestaan word 'n (koeplet/kwatryn) genoem. (1)

kwatryn

- 3.3 Wat is die boodskap wat die spreker in die eerste strofe wou stuur? (1)

Hy mis haar

- 3.4 Haal 'n versreël uit die gedig aan om te wys dat die spreker probleme met sy selfoon gehad het. (1)

maar die kaart was gekrap, die batterye pap

3.5 B
O
A

3.6 hy het nie kontak met haar gemaak nie 25

3.5 Pas kolom B by kolom A. Skryf slegs die korrekte letter neer.

(3)

Kolom A	Kolom B	Antwoord
3.5.1 "my hart se hoeke"	A. alliterasie	B
3.5.2 "my vingers te dom"	B. metafoor	C
3.5.3 "sonder skrif"	C. personifikasie	A

3.6 Hoekom is die titel van die gedig ironies?

(1)

hy het nie kontak met haar gewaak nie

[10]